basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**2019**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400–450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 *O, die skande!* **[50]**

1.2 Om jou kanse aan te gryp ... **[50]**

1.3 'n Groener aarde is elkeen se plig. **[50]**

1.4 Jou naam is goud werd. **[50]**

1.5

*My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.*
*Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,*
*Ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;*
*Hier binne is dit veilig, warm en dig.*

– HA Fagan

**[50]**

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Uit: https://interestingliterature.files.wordpress.com.jpg] **[50]**

1.6.2



[Uit: https://thegraphicsfairy.com/wp-content]

1.6.3



[Uit: https://png.pngtree.com/element_origin_min_pic]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het 'n groot verleentheid met 'n eerste afspraak beleef.

Skryf 'n informele brief aan jou vriend/vriendin om hom/haar van die verleentheid, en hoe jy die verleentheid hanteer het, te vertel. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

As die bestuurder van 'n toermaatskappy het jy 'n kompetisie gereël waarin 'n oorsese reis gewen kon word.

Skryf 'n formele brief aan die wenner van hierdie kompetisie waarin jy hom/haar gelukwens en meer inligting oor die prys gee. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Jou neef/niggie is na 'n lang siekbed oorlede.

Jy lewer die huldeblyk tydens die roudiens/gedenkdiens wat vir jou neef/niggie gehou word.

Skryf die huldeblyk. **[25]**

2.4 **KOERANTBERIG**

Die redakteur van jou dorp se gemeenskapskoerant het jou gevra om 'n berig te skryf oor jou dorp wat tydens 'n landwye kompetisie as dorp van die jaar aangewys is.

Skryf die koerantberig. Verskaf jou eie opskrif. **[25]**

2.5 **TOESPRAAK**

Jul skoolhoof nooi jou om by die ouervergadering die skool se ouers toe te spreek oor die onderwerp:

**Tieners wéét wat die lewe van hulle verwag.**

Skryf die toespraak. **[25]**

2.6 **RESENSIE**

Die redakteur van 'n gesinstydskrif vra jou om 'n Afrikaanse boek oor aktuele tienerprobleme te resenseer.

Skryf die resensie. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

| NASIONALE NASIENSIMBOLE | | |
|---|---|---|
| **VERDUIDELIKING** | **SIMBOOL** | **BESKRYWING** |
| Woordorde | ( ) met pyltjie → | Hakies en pyltjie |
| Woord(e) weggelaat | **^** | Weglaatteken |
| Taalfoute (ook spelfoute) | ═══ | Dubbelstreep onder die taalfout |
| Paragraafindeling | **[** | Begin van 'n nuwe sin |
| Woord(-keuse)-foute | **X** | Trek 'n X bo-oor die verkeerde woord. |
| Erkenning van taaljuweeltjies | ✓ | Regmerkie bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings |
| Onduidelik/Onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Punktuasie | **O** | Omkring |

### AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die laaste poging van die eerste onderwerp nagesien.

### NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

| | |
|---|---|
| Inhoud: | **I = Kh = 22** |
| Taal, styl en redigering: | **T = Kl = 10** |
| Struktuur: | **S = K = 4** |
| Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel). | **36** |

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

### DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

## VRAAG 1

### Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande memorandum) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, **byvoorbeeld**:

1.1 **O, die skande!**
Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **beskrywende** opstel aanbied deur te beskryf hoe hy/sy in 'n groot verleentheid beland het en as gevolg daarvan verneder/in die skande gesteek is. 'n **Verhalende** opstel kan handel oor gebeure/handelinge van mense/die kandidaat wat tot groot skande/skaamte gelei het. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer oor aspekte van mense wat hulle verneder./skaam maak./tot skandes lei. Die kandidaat kan ook bespiegel oor die waarde/blywende aard/kortstondigheid van so 'n skande. As **beredeneerde of argumenterende** opstel kan die kandidaat redeneer/argumenteer oor skandes en die invloed daarvan op die eie en/of op ander mense se lewens. **[50]**

1.2 **Om jou kanse aan te gryp ...**
Hierdie onderwerp kan deur die kandidaat as **verhalende** opstel aangebied word deur te fokus op een of ander gebeurtenis/'n reeks gebeurtenisse wat daarop dui dat dit een of ander gevolg het wanneer jy jou kanse aangryp. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat verskillende kanse/geleenthede wat vir jongmense/alle mense eers waarde kry/het indien dit aangegryp word, beskryf. In 'n **argumenterende/ beredeneerde** opstel kan die kandidaat verskillende voor- en nadele van kanse/ geleenthede teen mekaar opweeg en tot 'n gevolgtrekking kom. 'n **Bespiegelende** opstel kan die waarde/betekenis/invloed van kanse wat aangegryp word/nie aangegryp word nie, bepeins. **[50]**

1.3 **'n Groener aarde is elkeen se plig.**
Hierdie onderwerp leen hom daartoe dat die kandidaat kan **redeneer/argumenteer** oor ander faktore/die mens se aandeel aan die aarde se vernietiging. Die kandidaat kan redeneer dat die mens se strewe na ontwikkeling die aarde verwoes in plaas daarvan om dit te bewaar. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer/ besin oor die verantwoordelikheid van mense teenoor die aarde./die voortbestaan van volgende geslagte mense op die aarde./die invloed van nalatigheid op die aarde en uiteindelik op die mens. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat fokus op mense se doen en late en die invloed daarvan op die aarde. 'n **Verhalende** opstel kan handel oor positiewe/negatiewe gebeure wat hom/haar tot die insig gebring het dat 'n groener aarde ons elkeen se plig/verantwoordelikheid is. **[50]**

1.4 **Jou naam is goud werd.**
Die kandidaat kan hierdie onderwerp aanpak deur te **verhaal** hoe hy/sy onverantwoordelik opgetree het en uiteindelik besef het dat sy/haar naam daaronder gely het. Die kandidaat kan verder verhaal wat hy/sy gedoen het om sy/ haar naam te probeer red. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat beskryf wat hy/sy gedoen het om sy/haar naam te benadeel en hoe sleg/onaangenaam dit is./was. Die kandidaat kan verder beskryf hoe hy/sy probeer het om die skade aan sy/haar naam te herstel. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die skandes en skades wat 'n invloed op 'n mens se naam het./die waarde van 'n goeie naam./die nadele verbonde aan 'n naam wat in oneer gebring is. In 'n **argumenterende/ beredeneerde** opstel kan die kandidaat die belangrikheid van 'n goeie naam beredeneer/ argumenteer. **[50]**

1.5 **My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig ...**
Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel aanbied waarin hy/sy vertel hoe die veiligheid en huislike warmte van sy/haar huis deur 'n aand van storms bedreig word. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat die storm buite beskryf en dit vergelyk met die veilige huislikheid/vrede binne die huis. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bespiegel oor die waarde van storms in 'n mens se lewe wanneer die huis (ouers) veiligheid bied./jou voorberei op die lewe./oor die nadele verbonde aan storms wanneer die huis (ouers) kinders nie op die storms van die lewe voorberei nie./wanneer ouers soos helikopters oor hulle kinders hang. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat redeneer oor die belangrikheid van stabiele huise teenoor al die gebroke gesinne wat ons tyd kenmerk. Storms kan letterlik/figuurlik interpreteer word. **[50]**

1.6.1 **Maskers**
Interpretasies kan lei tot **beskrywende**, **verhalende** of selfs **bespiegelende** opstelle, bv. 'n **beskrywing** van net een masker/verskillende maskers waaragter mense wegkruip. 'n **Verhaal** kan handel oor 'n toneelstuk wat die kandidaat bygewoon het./waarin hy/sy opgetree het. Die opstel kan ook fokus op 'n verhaal van iemand wat sielsongelukkig is, maar altyd 'n gelukkige gesig/masker vertoon. Hierdie onderwerp kan **bespiegel** oor die waarde van kultuuraktiwiteite./die geneigdheid van mense om nie hulle ware kleure te wys nie, maar eerder agter 'n masker/maskers wegkruip. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat redeneer/ argumenteer dat die balans tussen sport en kultuur in skoolgemeenskappe ontbreek. **[50]**

1.6.2 **Kinders wat met 'n hond speel**
Die kandidaat kan van 'n hond wat vir 'n kind/kinders baie belangrik is/was, vertel./ kan **verhaal** hoe 'n hond bygedra het dat 'n kind/kinders gered word./gevind word. As **beskrywende** opstel kan die kandidaat verskillende honderasse beskryf, of beskryf hoe sy/haar hond 'n verskil in sy/haar lewe maak./hoe kinders wat honde het, kan speel./ontwikkel. Indien die kandidaat **argumenteer/redeneer** oor die voordele/nadele van honde as troeteldiere, kan die opstel as 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel slaag. Daar kan **beredeneer** word of daar nog plek en/of tyd in ons huidige samelewing vir troeteldiere is. 'n **Bespiegelende** opstel kan besin oor diere wat respekteer moet word of hoe menselewens deur 'n hond/troeteldiere beïnvloed kan word. In al die soorte opstelle kan die fokus ook net op die twee kinders val, sonder melding van die hond. Die speelsituasie kan ook die fokus wees. **[50]**

1.6.3 **Potlood, skerpmaker en uitveër**
In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat skryf oor o.a. die foute wat 'n skrywer/ mens tydens skryfwerk/die lewe maak en hoe dit, danksy uitveërs/vergifnis/liefde reggestel kan word. In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel van foute/'n fout wat hy/sy neergeskryf/gemaak het en die vreugde omdat dit met behulp van 'n uitveër/vergifnis/begrip/liefde reggestel kon word. Die kandidaat kan fokus op iets wat foutloos is/was – dat hy/sy nie nodig gehad het om foute reg te maak nie. In **verhalende** en **beskrywende** opstelle kan die prikkel figuurlik interpreteer word: foute wat mense in die lewe maak en/of die pogings wat ons aanwend om dit reg te stel. Die kandidaat kan ook vertel/beskryf hoe dit soms onmoontlik is om foute uit te vee./te verander. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die waarde van foute in 'n mens se lewe. Hy/sy kan **redeneer/argumenteer** dat sekere foute makliker uitgevee kan word as ander. Die kandidaat kan in al die soorte opstelle ook aandag gee aan die invloed/weelde van 'n (letterlike én figuurlike) skerpmaker: mense word skerp gemaak vir 'n bepaalde doel, net soos potlode skerp gemaak word om netjies te kan skryf. 'n Kandidaat kan ook skryf oor die ellende van 'n rekenaarlêer wat uitgevee/uitgewis is. **[50]**

**SOORTE OPSTELLE:**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte**:

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

**BEREDENEERDE OPSTEL**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.

- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**
Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**
Inhoud, beplanning en formaat: **I = K = 10**
Taal, styl en redigering: **T = G = 6**
Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). **16**
Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die kandidaat skryf 'n informele brief aan sy/haar vriend/vriendin waarin hy/sy vertel van 'n groot verleentheid wat met 'n eerste afspraak beleef is; die kandidaat skryf ook hoe hy/sy die verleentheid hanteer het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Informele taal, register en styl behoort gebruik te word.
- Beskrywende, maar eenvoudige taal behoort voor te kom.
- Die briefinhoud behoort logies en volgens bogenoemde doel uiteengesit te word.
- Briewe behoort 'n inleiding, liggaam/inhoud en slot te hê.
- Die skrywer se adres en datum waarop die brief geskryf word, moet gegee word.
- Na die skrywer se adres behoort die informele aanhef te volg.
- Die brief behoort informeel afgesluit te word.
- Die formaat van die brief is belangrik. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

Die brief fokus op die gelukwensing aan 'n persoon wat 'n oorsese reis in 'n kompetisie gewen het. Inligting oor die aard van die wenprys moet in die brief vervat word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die formaat is formeel: daar moet dus twee adresse wees. Die res van die brief se formaat moet korrek wees soos wat dit vir formele briewe geld.
- Die inhoud is baie belangrik, so ook die styl, struktuur en doel.
- Styl: Dit behoort saaklik, formeel, maar hoflik te wees.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig.
- Struktuur: Die brief moet bestaan uit paragrawe waarin gefokus word op die gelukwensing en die aard van die wenprys.
- Die doel van die brief is om die wenner van 'n oorsese reis geluk te wens en bykomende inligting oor die prys te verskaf.
- Die formele register moet gebruik word, soos bv. "u" in plaas van "jy"/"jou".
- Die afsluiting is formeel en bevat die skrywer se voorletters, van en titel, waar nodig, bv.

Die uwe/Vriendelike groete/Groete

P. van Zyl
P. van Zyl

**[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Die kandidaat bring hulde tydens 'n roudiens/gedenkdiens aan sy/haar neef/niggie wat na 'n lang siekbed oorlede is.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die neef/niggie se naam en van, adres en ouderdom asook inligting oor die siekbed kan gegee word.
- Prestasies, hoogtepunte uit die neef/niggie se lewe kan ingesluit word.
- Die fokus behoort op hulde aan/dankbaarheid teenoor die neef/niggie te val.
- Gebeurtenisse/Staaltjies/Persoonlike herinneringe behoort ingesluit te wees.
- Die huldeblyk moet waarderend wees.
- Iets persoonliks, soos 'n gedig, kan bygevoeg word.
- Taal, styl en register is formeel, opreg en uit die hart. **[25]**

2.4 **KOERANTBERIG**

Lesers van die koerant word met so 'n berig ingelig oor die dorp wat tydens 'n landwye kompetisie as dorp van die jaar aangewys is. Die opskrif moet gepas wees.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Inligting oor die dorp as dorp van die jaar moet uitgelig word.
- Gee die feite kortliks en akkuraat.
- Strewe daarna om die belangrikste feite te gee sonder om die leser te verloor; som akkuraat op sonder om die waarheid te verdraai.
- Gee 'n saaklike, bondige, maar treffende titel. Subtitels kan ook gegee word.
- Vermeld die belangrikste feite alreeds in die eerste paragraaf: wie, wat, waar, wanneer, waarom, hoe en in watter mate. **[25]**

2.5 **TOESPRAAK**

Die kandidaat spreek die ouers by 'n ouervergadering toe oor tieners wat wéét wat die lewe van hulle verwag.

**Hou die volgende in gedagte:**

- By hierdie toespraak moet die gehoor formeel gegroet word: Geagte Ouers/ Geagte Dames en Here ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Skryf weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem. **[25]**

2.6 **RESENSIE**

Die kandidaat skryf 'n resensie vir 'n gesinstydskrif oor 'n boek wat aktuele tienerprobleme/-kwessies belig.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Resensies word nie altyd volgens 'n vaste formaat geskryf nie. Dit is nie nodig om spesifieke aspekte van die boek te bespreek nie. Oor die algemeen bepaal resensente wat hulle wil resenseer en wie daarby betrokke is.
- 'n Goeie resensie probeer om regverdig, maar eerlik te wees; 'n swak resensie is bloot persoonlike dwepery of galbrakery.
- Humor kan in resensies gebruik word, met in agneming dat stylverskille sal voorkom.
- Die resensie gee 'n individuele respons op die boek.
- Die resensie gee 'n mening oor die werk wat gewoonlik subjektief is.
- Dit gee toepaslike feite, byvoorbeeld, die naam van die skrywer, die titel van die boek, die naam van die uitgewer, die verkoopprys.
- Die resensie kan lesers aanbeveel om die boek te lees. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou 

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD &<br>BEPLANNING<br><br>(Respons en idees)<br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Bewustheid van doel, gehoor en konteks<br><br>30 PUNTE | Hoë vlak | 28–30 | 22–24 | 16–18 | 10–12 | 4–6 |
| | | -Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting<br>-Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke<br>-Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons baie goed; getuig van vaardigheid<br>-Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid<br>-Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons bevredigend<br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br>-Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Wisselvallige samehang in respons<br>-Idees onduidelik, nie oorspronklik nie<br>-Min bewys van organisasie en samehang | -Respons heeltemal irrelevant<br>-Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie<br>-Vaag en herhalend<br>-Geen organisasie nie en is onsamehangend |
| | Lae vlak | 25–27 | 19–21 | 13–15 | 7–9 | 0–3 |
| | | -Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek<br>-Idees intelligent en volwasse<br>-Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons goed; getuig van vaardigheid<br>-Idees relevant, interessant<br>-Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid<br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br>-'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | -Respons is grootliks irrelevant.<br>-Idees begin los staan en kan verwarrend wees<br>-Skaars 'n bewys van organisasie en samehang | -Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie<br>-Heeltemal irrelevant en ontoepaslik<br>-Deurmekaar en geen fokus nie |

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| TAAL, STYL & REDIGERING<br><br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks;<br>Woordkeuse;<br>Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling<br><br>15 PUNTE | Hoë vlak | 14–15 | 11–12 | 8–9 | 5–6 | 0–3 |
| | | -Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks<br>-Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend<br>-Toon retories treffend en effektief<br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>-Knap gedaan | -Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks<br>-Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik<br>-Grammatika en spelling grootliks foutvry<br>-Baie goed gedoen | -Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks<br>-Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra<br>-Toon is gepas<br>-Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk | -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks nie<br>-Taalgebruik baie basies<br>-Toon en woordkeuse skaars toepaslik<br>-Baie beperkte woordeskat | -Taal onverstaanbaar<br>-Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks<br>-Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak |
| | Lae vlak | 13 | 10 | 7 | 4 | |
| | | -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief<br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>-Baie goed tot knap gedaan | -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief<br>-Toon gepas en effektief<br>-Enkele foute in grammatika en spelling<br>-Goed gedoen | -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk<br>-Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele | -Taalgebruik onvoldoende<br>-Weinig indien enige sinsverskeidenheid<br>-Woordeskat baie beperk | |
| STRUKTUUR<br><br>Kenmerke van teks;<br>Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>5 PUNTE | | 5 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | | -Uitstekende ontwikkeling van onderwerp<br>-Uitsonderlike detail<br>-Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer | -Logiese ontwikkeling van details<br>-Samehangend<br>-Sinne en paragrawe logies en toon variasie | -Relevante detail ontwikkel<br>-Sinne en paragrawe goed gekonstrueer<br>- Opstel maak nog sin | -Sommige punte geldig<br>-Sinne en paragrawe foutief<br>- Opstel maak nog effens sin | -Noodsaaklike punte ontbreek<br>-Sinne en paragrawe foutief<br>-Opstel maak nie sin nie |

## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT<br><br>Respons en idees;<br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks<br><br>15 PUNTE | 13–15 | 10–12 | 7–9 | 4–6 | 0–3 |
| | -Respons uitsonderlik, bo verwagting<br>-Idees intelligent en volwasse<br>-Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Skryfwerk behou fokus<br>-Samehang in inhoud en idees<br>-Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>-Gepaste en akkurate formaat | -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Behou fokus – geen afwyking nie<br>-Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>-Gepaste formaat met onbeduidende foute | -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>-Redelike samehang in inhoud en idees<br>-Sommige detail ondersteun die onderwerp<br>-Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Aanduiding van fokus, maar met afwykings<br>-Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>-Min detail ondersteun die onderwerp<br>-Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>-Kritiese foute begaan | -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>-Betekenis onduidelik met groot afwyking<br>-Geen samehang in idees en inhoud nie<br>-Baie min detail ondersteun die onderwerp<br>-Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| TAAL, STYL & REDIGERING<br><br>Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks;<br>Taalgebruik en konvensies;<br>Woordkeuse;<br>Punktuasie en spelling<br><br>10 PUNTE | 9–10 | 7–8 | 5–6 | 3–4 | 0–2 |
| | -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br>-Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer<br>-Feitlik foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br>-Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer<br>-Baie goeie woordeskat<br>-Oorwegend foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br>-Enkele grammatikafoute<br>-Voldoende woordeskat<br>-Foute belemmer nie betekenis nie | -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks<br>-Grammatika onakkuraat met etlike foute<br>-Basiese woordeskat<br>-Betekenis belemmer | -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>-Besaai met foute en verward<br>-Woordeskat nie geskik vir doel nie<br>-Betekenis ernstig belemmer |

Kopiereg voorbehou